

8 Januarie - ADAM

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:12-26 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:22

Twee Bybelse waarhede wat veral vandag in die spervuur is, is die leer oor die erfsonde en die leer oor die opstanding uit die dood. Die mens van vandag wil nie hoor dat hy in sonde ontvang en gebore word en daarom in sy wese sondig is nie. Die mens van vandag wil ook nie hoor van iemand wat dood was en weer lewend geword het nie. Selfs mense wat hulleself Christene noem, ontken vandag dat die mens sondig gebore word en dat Jesus werklik fisies uit die dood opgestaan het. Vers 22 stel albei Bybelse waarhede egter kort en kragtig in een sinnetjie: "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word ..."

Ja, Adam het die dood in die wêreld ingebring deur die eerste sonde te pleeg. Van toe af is alle mense sondig en bestem om die ewige dood te beërwe, om in Adam te sterf. Maar genadiglik het Jesus mens geword en ten volle vir ons sondes versoening gedoen. Hy het werklik gesterf en werklik uit die dood opgestaan. So het Hy almal wat in Hom glo, lewend gemaak.

Om dit te kon doen, moes Hy self eers sterf en uit die dood opstaan. En Hy het! Dit is die fondament van ons geloof: Jesus het werklik gesterf en werklik uit die dood opgestaan.

Daarom kan ek, selfs al word ek in sonde ontvang en gebore, deur God se genade 'n nuwe mens wees wat dit regkry om minder en minder soos Adam te wees en meer en meer soos Jesus Christus! Juis omdat ek weet dat ek sondig is, en dat Jesus werklik uit die dood uit opgestaan het om my te verlos, kan ek ook waarlik dankbaar wees!

Ons bewys ons dankbaarheid deur elke dag saam met Jesus op te staan in 'n nuwe lewe!

Sing: Psalm 116:1-5 (1936-beryming)

Ds HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)